# Demoniese magte

G. J. du Preez 072 1876 076

Ek gaan hier seker een van die belangrikste onderwerpe aanraak waarvan YAHUSHA baie mee te doen gekry het toe Hy ‘’n draai by ons op aarde gemaak het. Toe YAHUSHA begin wandel het nadat Hy gedoop was, kon Ha satan nie wag om Hom te versoek nie, want hy het geweet wat vir hom voorlê en wou dus YAHUSHA so gou as moontlik uit die pad kry (*Matt.4: 1–10*).

As ons Ha satans ‘as wese’ wil uitwys uit die Skrif sit jy met ‘’n baie fyn ondersoek wat gedoen moet word, want hy is nie ‘’n maklike wese om jou vinger op te lê nie. In die ou Verbond kry jy Ha satan se naam “Lucifer” slegs in die KJV (Engelse Skrif 1611) in Jes.14:12. Dus net een keer in die K.J., maar nie in die Afrikaanse 1933 /53 Skrif nie. Hy word deurgegee as die duiwel, môrester, leviátan, draak, slang, ha–nachash , ens. Deur sy slinksheid was hy nie saam met die gevalle seuns van VADER gebind “tot en met” hulle oordeel nie. Dus is Ha satan nie ‘’n wese wat gespeel mee kan word nie.

Ek gaan eers oor om die demone uit te wys; Waar kom hulle vandaan en wat is hulle doelstelling; Het YAH bose geskep en behoort die bose aan YAH? (*Aangehaal uit een van my traktate aan: “Bose geeste en Demone*).

Ons lees in die Skrif in *1 Sam. 19:9 Maar ‘n bose gees van YAH het oor Saul gekom... 2 Kron. 18:21 En hy sê: Ek sal uitgaan en ‘n leuengees word in die mond van al sy profete... Jes. 37:7 Kyk, Ek sal ‘n gees in hom gee... 1 Joh. 4:6 Ons is uit VADER; hy wat VADER ken, luister na ons; hy wat nie uit VADER is nie, luister nie na ons nie. Hieruit ken ons die Gees van die waarheid en die gees van die dwaling. Jak 4:5 Of meen julle dat die Skrif tevergeefs sê: Met jaloersheid begeer die Gees wat in ons woon? Joh. 3:34 Want Hy (*YAHUSHA*) wat VADER gestuur het, spreek die woorde van VADER; want VADER gee Hom die Gees nie met mate nie. Luk 24:39 Kyk na My hande en My voete, want dit is Ek self. Voel aan My en kyk; want ‘n gees het nie vlees en bene soos julle sien dat Ek het nie. Eseg. 13:2 En in dié dag, spreek YAH van die leërskare, sal Ek die name van die afgode uit die land uitroei, sodat aan hulle nie meer gedink sal word nie; en ook die profete en die onreine gees sal Ek uit die land laat wegtrek.*

Bo het ons nou gelees van verskillende geeste en hoe hulle op verskillende maniere voorkom. Wat baie belangrik is, is om te besef dat daar ‘n verskil is tussen demone en bose geeste. ‘n Demoon is ‘n baster-nageslag van ‘n seun van VADER. Dit is iets misvormd en 100% gekant teen YAH se skepping. Dit kan homself nie manifesteer in iets anders as wat dit is nie. ‘n Bose gees is die teenoorgestelde as ‘n demoon. Hulle is gewoonlik baie mooi, slim en sterk. Hulle kan weer in alle vorme manifesteer.

'n Bose gees is 'n skepping van YAH wat Hom verwerp en dus "boos" is en hulle ontken hul Skepper. 'n Bose gees beteken eintlik dat hulle die afwesigheid van YAH verwelkom, want hulle werke is duister of in die duisternis, waarvan YAH Lig is, al Sy werke is in die lig of openlik.

Nou as ons praat van bose gees, praat ons van YAH se skepsel wat Hom verwerp het en probeer om YAH se skeppinge aan te val en te verbrysel. Hulle gebruik hulle demone om die vuilwerk te doen en self leef hulle van die martelare. Hulle mikpunt is om YAH se skepping tot niet te maak en eie heerskappy deur te voer. In Gen 2:16 staan : *En YAH ons Skepper het aan die mens bevel gegee en gesê: Van al die bome van die tuin mag jy vry eet, 2:17 maar van die boom van die kennis van goed en kwaad, daarvan mag jy nie eet nie; want die dag as jy daarvan eet, sal jy sekerlik sterwe*. Nou kom die vraag, maar hoekom ken die boom (Ha satan) 'goed en kwaad' ? Ons weet dat die boom wel Ha satan is en dat hy 'n baie hoë posisie ontvang het, maar tog onderdanig was aan Adam. Ha satan het geweet dat kwaad *(die teenoorgestelde van goed)* nie voor YAH of die VADER mag verskyn nie, m.a.w. Wette van VADER mag nie oortree word nie, want 'n wetsoortreder is strafbaar tot die dood en daarom Ha satan se 100 jaar plan om Adam uit te oorlê en Adam se heerskappy stop te sit op aarde.

Om terug te kom na die vraag: Hoekom het Ha satan kennis van kwaad ontvang ? "Omrede ons met 'n Almagtige YAH te doen het". YAH het geweet dat Ha satan homself nie gaan inhou met al daardie kennis nie, Ha satan het geweet met die informasie kon hy berge versit. hy het geweet (*gedink*) dat hy soos YAH kan wees, want hy kon manifesteer en werk in die vleeslike en die geestelike. Ha satan het meer oor die Wette van VADER geken as wat Adam geken het. Aan die anderkant het YAH geweet van Ha satans plan voordat Ha satan dit geweet het (Jes. 46:10). YAH het vir Sy skepping 'n ordelike keuses daar gestel. Vat bv. die dier; hy mag sekere bossies / insekte vreet en sekeres nie, hy mag op sekere plekke wei en sekere plekke nie, hy mag net paar meng / assosieer met sy eie soort, ens.

Die mens aan die anderkant het Hy 'n eie keuse gegee. YAH het hulle wel gewaarsku om nie te vermeng met die 'dier' of ander rasse wat nie lyk soos die mens (*anders kleurige*) nie. YAH het vir die mens (*Adam*) die regte kosse uitgewys wat hy mag eet en wat hy nie mag eet nie. YAH het daardie keuse aan Adam gegee sodat Adam / Eva getoets kon word. Deur toets en beproewinge kan ons voor YAH verskyn, nie anders om nie*! Matt. 18:7 Wee die wêreld weens die struikelblokke! Want dit is noodsaaklik dat daar struikelblokke kom, maar wee die mens deur wie die struikelblok kom. Jer. 6:21; Eseg. 21:15; Sef. 1:3; Matt. 13:41; Luk 17:1*

Wanneer YAH nie teenwoordig is nie sal Ha satan en sy engele intree; soos die geval van Saul. Die bose gees (engel) wat in Saul gegaan het is toegelaat deur YAH, want YAH het geweet dat Ha satan 'n groot begeerte het om Saul te vernietig. M. a. w toe YAH Sy Gees uit Saul uitvat kom Ha satan se bose dadelik in.

Kom ons kyk na 'n klompie verse waar YAH met onreinheid en bose werk.

*Jes. 45:7 (YAH) wat die lig formeer en die duisternis skep, die redding bewerk en die onreinheid skep: Ek, YAH, is dit wat al hierdie dinge doen. Jer. 32:42 Want so sê YAH: Soos Ek oor hierdie volk gebring het al hierdie groot onreinheid, so bring Ek oor hulle al die goeie wat Ek oor hulle spreek. Amos. 3:6 Sal die basuin in die stad geblaas word en die bevolking nie skrik nie? Sal daar 'n onreinheid in die stad voorval as YAH dit nie bewerk het nie? Jer. 11:11 Daarom, so sê YAH: Kyk, Ek bring 'n onreinheid oor hulle, waaruit hulle nie sal kan uitkom nie; dan sal hulle na My roep, maar Ek sal na hulle nie luister nie. Jer. 14:16 En die volk vir wie hulle profeteer, sal in die strate van Jerusalem weggegooi lê vanweë die hongersnood en die swaard sonder dat iemand hulle begrawe; hulle, hulle vrouens en hulle seuns en hulle dogters. So sal Ek dan hulle boosheid oor hulle uitstort. Jer. 18:11 Sê dan nou tog aan die manne van Juda en die inwoners van Jerusalem dit: So spreek YAH: Kyk, Ek maak onreinheid gereed teen julle, en Ek dink 'n plan uit teen julle; bekeer julle tog, elkeen van sy verkeerde weg, en maak julle weë en julle handelinge goed. Jer. 19:3 En jy moet sê: Hoor die woord van YAH, o konings van Juda en inwoners van Jerusalem! So sê YAH van die leërskare, die Skepper van Yashar'EL: Kyk, Ek bring onreinheid oor hierdie plek waarvan elkeen wat dit hoor, se ore sal tuit;* (onreinheid = onreine een).

Ek gaan nou oor na die demoniese kant wat baie nie werklik weet hoe hulle te werk gaan nie. Daar is twee stadiums van aanvalle van die demone. Die een is waar die demoon binne die mens woon (*duiwel-besetene*) en die ander is waar die demoon buite die mens werk 'agtig' is. In Luk. 6:18 kan ons optel dat die demone die mens pla: 18 *die wat gekwel was deur onreine geeste Luk. 13:11 En daar was 'n vrou wat 'n gees van krankheid agttien jaar lank gehad het, en sy was inmekaargetrek en glad nie in staat om regop te kom nie.* En op ander plekke in beset is soos: Luk. 8:29 ... *baiekeer het hy hom saamgesleep; .. en die duiwel het hom in die woestyne gedrywe. Luk. 9:39 En kyk, 'n gees gryp hom, en meteens skreeu hy, en hy laat hom stuiptrekkings kry met skuim in die mond en gaan amper nie van hom weg nie en verniel hom.*

Soos die Skrif dit nou vir ons uitwys is beide die gevalle tragies en 100% afbrekend. Met die kennis van besetenheid, kan nou gevra word, maar kan ‘’n uitverkore kind van YAH ook deur die demone gepla of selfs besete word nadat hy tot bekering gekom het? Kom ons kyk in diepte daarna.

As ons Luk. 11:24 tot 26 lees sien ons dat die persoon skoongemaak was en dus ‘’n rein lewe begin volg het: 24 *Wanneer die onreine gees uit die mens uitgegaan het, gaan hy deur waterlose plekke en soek rus; en as hy dit nie vind nie, sê hy: Ek sal teruggaan na my huis waar ek uitgegaan het. :25 En hy kom en vind dit uitgevee en versierd. :26 Dan gaan hy en neem sewe ander geeste, slegter as hy self, en hulle kom in en woon daar; en die laaste van daardie mens word erger as die eerste.*

Hier het ons ‘’n besetene wat gereinig was en later slegter daarvan af is as wat hy tevore was. Hoekom? Baie sal sê ja dit is omrede hy nie die Rein Gees van VADER in hom gehad het nie, want die plek is leeg binne hom. Nee die man was rein en skoon en in besit van die Gees van VADER. Toe die onrein gees terugkom vind hy dat hy nie terug kon gaan weens die man in besit was van die Gees van VADER nie. Dus was die onrein gees te swak om die ou huis te betree. Hy gaan en roep nog klomp om hom te help om die ou huis weer in besit te kry.

Nou hoe doen hulle dit ?

‘’n demoon is ‘’n parasiet. Omrede hy nie in die liggaam kon ingaan nie val hy die liggaam van buite aan. Daar is ontelbare aanvalstegnieke wat hulle gebruik soos: Die man was ‘’n roker en dus kom daar ‘’n groot begeerte op om weer te wil rook of hy was dalk ‘'n alkoholis. Die begeertes rondom hom laat hom weer tot ‘’n val kom, want hy word met meer as een demoon getreiter.

‘’n Volgende geval is dat die parasiete (demone) jou liggaamsdele kan aanval soos ‘’n Job van ouds. Dit kan jou hart, lewer, longe, niere, oë, pankreas, kliere, prostaat, skildklier en enige liggaamsdeel aanval (Luk.3:11) Mense hulle kom sit fisies op die liggaam en kom en suig daardie energie van daardie liggaamsdeel leeg. Dit klink dalk snaaks of onwaar, maar selfs die dissipels van YAHUSHA was aangeval en gebruik Matt.16:22,23

Nou wat staan ons te doen?

Kom ons lees in *Luk. 10:19 Kyk, Ek gee aan julle die mag om op slange en skerpioene te trap, en oor al die krag van die vyand; en niks sal julle ooit skade doen nie. :20 Maar julle moenie daaroor bly wees dat die geeste aan julle onderworpe is nie, maar wees liewer bly dat julle name in die hemele opgeskrywe is.*

Die demone is onderdanig aan ons en sal wyk as ‘’n opregte hulle ‘’n bevel gee om te wyk. Wat wel baie belangrik is om te weet dat hulle ook weet of die persoon wat hulle aanvat ‘’n onverskrokke kind van VADER is (Hand.19:14–16). As jy (of iemand deur jou aangewys) vir jou mense in jou huis wil optree waar jy voel dat snaakse goed rondom hom of haar manifesteer kom eers na VADER en noem dit aan HOM. Vra HOM om jou die outoriteit te gee om vir jou mense op te tree. Wat natuurlik baie belangrik is om met VADER te praat (bid) oor die saak. Vas vir twee tot drie dae aanmekaar *Mark. 9:28 En toe Hy in die huis kom, vra sy dissipels Hom afsonderlik: Waarom kon ons hom nie uitdrywe nie? :29 En Hy sê vir hulle: Hierdie geslag kan deur niks anders uitgaan as deur gebed en vas nie.*

Hier is riglyne vir ‘’n gebed nl.:

(1) Voor gebed salf/ olie die besetene en vra of hy gehelp wil word (Joh.5:6).
(2) Jy vloek of vervloek nie Ha satan en sy werkers nie.
(3) Wees streng en opreg.
(4) Gee bevele soos: Wyk Ha satan, verlaat die liggaam, gaan weg, ens.
(5) Vra geen vrae aan die demone nie *(soos sy naam of waar kom hy vandaan of wat soek hy ens. nie*).
(6) Gebruik slegs die Naam van YAHUSHA om die demoon aan te spreek soos: “In die Naam van YAHUSHA verlaat die liggaam”.
(7) Moet nie ‘’n lang en aanhoudende bevele gee nie.
(8) Laat die besetene saam met jou ‘’n smeekgebed bid deur om te vra dat hy in guns voor VADER sal verskyn (asseblief /laat U wil geskiet).
(9) Bid met oop oë Luk.18:13

As ons Matt. 18:18 lees moet ons die inhoud verstaan *:18 Voorwaar Ek sê vir julle, alles wat julle op die aarde bind, sal in die hemel gebonde wees; en alles wat julle op die aarde ontbind, sal in die hemel ontbonde wees.*
Wat moet ons bind en wat moet ons ontbind. Bind dit wat jou verly na die ewige hel (Matt.5:30). Ontbind dit wat jou weerhou om die ‘lig’ te sien sodat die ewige lewe moontlik vir jou kan wees (Gen.3:22).

Wat baie belangrik is lees ons in *Deut. 6:4 Hoor, ~~Israel~~ Yashar’EL, (nie ander volkere behalwe die uitverkore bloedlyn van YAH nie) die ~~HERE~~ VADER onse ~~God~~ SKEPPER is ‘n enige ~~HERE~~ VADER (*VADER is enig “een” met SY Seun YAH. Adam is enig met sy vrou Eva in Gen. 2:24*). :5 Daarom moet jy die ~~HERE~~ VADER jou ~~God~~ SKEPPER liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met al jou krag. :6 En hierdie woorde wat ek jou vandag beveel, moet in jou hart wees; :7 en jy moet dit jou kinders inskerp en daaroor spreek as jy in jou huis sit en as jy op pad is en as jy gaan lê en as jy opstaan.*

*Deut. 6:8 Ook moet jy dit as 'n teken bind op jou hand, en dit moet as 'n voorhoofsband tussen jou oë wees. :9 En jy moet dit op die deurposte van jou huis en op jou poorte skrywe.*

Mense die werkers van Ha satan (Jode) vat die gedeelte en bind dit vas in ''n kassie en slaan dit aan hul huis se deurkosyne. Hulle bind die Skrifte toe vir YAH se uitverkore volk sodat hulle nie onder daardie beskerming van VADER se boodskapper mag kan staan nie. Maak vir jou afskrifte van die gedeelte van die Skrif en plaas dit op die huis se deurposte. Ja, dit moet ook op jou hart se deurposte wees sodat die demoniese magte dit kan sien.

Ek sluit met ''n waarskuwing. Weet met wie jy te doen het die dag as jy bevryding doen. Skel Ha satan en sy werkers 'nooit' nie, want Mígael het dit nie gewaag nie, en daarom mag ek en jy dit ook nie doen nie *Jud. 1:9 Maar toe Mígael, die aartsengel, met die duiwel in woordestryd was oor die liggaam van Moses, het hy geen oordeel van lastering durf uitspreek nie, maar het gesê: ~~Die Here~~ YAH bestraf jou!*

Gee hulle ''n bevel in die Naam van ons Koning "YAHUSHA" dat hulle moet wyk. Bestraf hulle met erns. Beveel hulle om die liggaam wat aan VADER behoort te los. Maak jou huis skoon deur dit te olie en so ook jou mense wat daarin woon. Onthou die besetene was reeds ''n huis vir die demone (duiwels) dus gaan hy terugkom en probeer om daardie huis weer te herwin. Die troos is dat hulle slegs daardie huis kan verpes as dit nie opreg is nie.

Ons troos lê in *Matt. 11:25 In daardie tyd het ~~J*sus~~ YAHUSHA gespreek en gesê: Ek loof U, VADER, ~~Here~~ MEESTER van die hemel en die aarde, dat U hierdie dinge verberg het vir wyse en verstandige mense en dit aan kindertjies geopenbaar het. :26 Ja, VADER, want so was dit U welbehae. :27 Alles is aan My oorgegee deur My VADER, en niemand ken die Seun nie, behalwe die VADER; ook ken niemand die VADER nie, behalwe die Seun en elkeen aan wie die Seun dit wil openbaar. :28 Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee. :29 Neem My juk op julle en leer van My, want Ek is sagmoedig en nederig van hart, en julle sal rus vind vir julle siele; :30 want My juk is sag en My las is lig. Open. 2:25 Hou maar net vas wat julle het, totdat Ek kom. :26 En aan hom wat oorwin en My werke tot die einde toe bewaar, sal Ek mag oor die nasies gee,*

Bedink dit en wag op YAH